## 5 Maart Maleagi 1:6-14

### *Waar is die eerbied vir die HERE?*

Maleagi beskuldig die volk. Nieteenstaande die Here se liefde vir hulle, is hulle liefdeloos. Waar lê die fout? By hulle voorgangers, die priesters!

Diep onder die indruk van hulle eie vernaamheid kan voorgangers maklik blind word vir hulle eie foute. Hulle wil nie geleer word nie. Die Here moet hierdie mense se aandag kry: "'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar". Die priesters se koppe knik eers instemmend, maar dan kom die skok: "As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is die eerbied....?"

Die priesters wat die voorgangers in eerbetoon moet wees, is juis die mense wat die Here met minagting behandel! Hulle kan hulle ore nie glo nie en vra: "Hoe het ons U met minagting behandel?" Die Here wys hulle dan op die feit dat hulle toelaat dat daar lam en siek en blinde diere as offers gebring word. Hulle wat die eer van die Here moet beskerm, laat toe dat die volk hulle weggooigoed as offers bring. God offer sy beste, sy enigste Seun, vir ons aan die kruis. Wat is ons bereid om vir Hom te offer? Maak ons nie ook, soos die mense in Maleagi se tyd, die fout om te dink dat die Here met vullisblik-offers tevrede moet wees nie? Watter voorbeeld stel ons voorgangers in die kerk?

Sing: Psalm 4:3 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)